NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

23 Augustus 2019
Nr 26/2019

Warm nuus

DinkJeugNoord: Kom dink saam!

- **Tema:** Tweak +
- **Wanneer**: ***2 September 2019*** om 9:00-16:00
- **Waar**: Acadeo (Bela-Bela) https://goo.gl/maps/JpvCWkHHVh92
- **Kyk die video hier**: https://youtu.be/135dLsyyTeQ
- **Koste**: Noordelike Sinode gemeentes gratis, ander is welkom om saam te kom leer teen R200pp (sluit middagete in).
- **VBO**: 6 punte
- **Inskrywings**: *Skryf aanlyn in* by www.excelsus.org.za.

Algemene Sinode: 6-11 Oktober 2019 - Agenda

- **Agendas**: Lees dit aanlyn by **http://ngkerk.net/sinode2019/**. Gedrukte kopieë kan @ R230 + posgeld bestel word. Kontak Hermien nie later nie as ***2 September*** by 012 440 6525.
- **Scenario beplanning**: Algemene Sinode is besig om te werk aan 'n *scenario beplanning* waarvoor hulle die elektroniese media (*e-Kerkbode* en *Facebook*) wil gebruik om ook ***lidmate se stemme*** te hoor.
  * Kliek **hier** vir 'n **bekendstellingsbrief** wat ook die nodige webskakels na die onderskeie sosiale media platforms bevat asook 'n **Powerpoint** vir gebruik in die gemeentes se afkondigings.
  * 'n **Kort video** is hier beskikbaar.

Sinodenuus

Bybellees met 'n verskil

Die volgende **byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
27 Augustus: **Lukas 14:1-14**
3 September: **Lukas 14:25-33**
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Skoolverwisselingskamp: Graad 7's kom maak gereed vir hoërskool!

Datum: ***23-27 September*** by **Badseloop** (naby Naboomspruit)
Kampleier: Ds Jacques Erasmus [072 653 9845]

Navrae: Anita Hurn [015-491 3537 of admin@ngpottiessuid.org.za]
Daar is ook plek vir Gr 11's of Belydenisklas jongmense om saam te kamp!
[**Kliek hier vir al die nodige inligting en inskrywingsvorms**…]

❖ Beperkte diens semi-sorg: Harmoniehof

Die **Bestuurder van Harmoniepark**, *Marié Pienaar* het laat weet dat Harmoniehof voortaan 'n beperkte diens (lae koste: semi-sorg) gaan lewer vir mense met beperkte inkomste.
'n Persoon sal 'n kamer moet deel. Hulle verskaf 'n gemeubileerde kamer aan dié inwoners. Die koste beloop R4 500 per maand per persoon. Dit is dus R1 500 van die inwoner se SASSA inkomste en 'n bybetaling van R3 000 van die familie. Die oogmerk is tans dat daar daghulp met was, medikasie beheer, doen van wasgoed en skoonmaak van die kamer sal wees. Dit sluit ook etes elke dag in. Dit is ontbyt en middagete in die eetsaal en 'n kospakkie vir aandete. Die hulp sal van 07:00 tot 18:00 in die dag wees. Sou dit later blyk dat nagdiens wel nodig raak sal hulle kyk vir borge vir die addisionele personeel. Daar sal bewys van inkomste gelewer moet word om vir die diens te kwalifiseer. **Vir verdere navrae** kontak Marié by 012-440 3357 / bestuurder@harmoniepark.co.za.

❖ Excelsus kursusse: 3de Kwartaal - [Lees die jaarprogram vir die 3de kwartaal **hier**]

September
3 – 4 September
Daar is lewe vóór én ná aftrede. *Kursus gerig op predikante in die afrondingsfase van hulle bediening - Module 2: Sinvol besig tot en met aftrede.*

- NG Kerk Stellastraat, Pretoria
- 25 VBO-punte
- **Kliek hier** vir die **inskrywingsvorm**: sluitingsdatum is *30 Augustus*.
- **Alle navrae kan gerig word aan** Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738.

17 – 19 September
Lentekonferensie
Tema: Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.
Hoofsprekers: Prof Thuli Madonsela; Prof Christi van der Westhuizen; Mnr Gielie Hoffmann
* NG Kerk Universiteitsoord en Nagraadse Sentrum, Universiteit van Pretoria
* 30 VBO-punte
* **Besoek** http://www.excelsus.org.za vir al die inligting!

Kolleganuus

❖ Ons innige simpatie:

Johan Olivier [Magalieskruin] se pa is verlede Donderdag op die ouderdom van 87 oorlede. Die begrafnis het vanuit Nylstroom-Oos plaasgevind.

❖ Beroepe/bevestigings:

<< Sampie Niemand is op 14 Julie as **brugleraar** in **Harare** bevestig.

Fouché de Wet word op 1 September by **Pretoria-Oos** bevestig. **>>**

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

21/08 Martin Lazenby [Emeritus, 079 493 4957]
26/08 Wouter de Vos [Wonderboompoort, 083 268 9793, whdevos@gmail.com]
Erika van Tonder [Wonderboom, 083 641 6897, Boshoff.el@gmail.com]
27/08 Petrus Kriel [Levubu, 082 898 2081, krielpj@mweb.co.za]
28/08 Pieter Botha [Emeritus, 082 413 9292, pieterbotha@telkomsa.net]
29/08 Koos Serfontein [Emeritus, 082 725 7180, antwatree@gmail.com]
Hennie Gouws [Emeritus, 082 555 3526]

30/08 JC Crots [Emeritus, 051 361 1458]
****

29/08 Magda Pretorius [Louis Trichardt, 015 516 0646, janpretorius@stadopdieberg.co.za]
30/08 Marieta Hurn [Valhalla,082 304 0946, rynohurn@yahoo.com]
31/08 Jacqueline Odendaal [Waterberg, 014 717 5442, riaanodendaal25@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae**: *Baie geluk!*
Florandia [Gestig 25/08/1974]
Suidoos-Pretoria [Gestig 27/08/1947]
Erasmia [Gestig 29/08/1970]

❖ **Pretoria** (Middestad): **Hulp met die "Ichtus" voedingsprogram**
Dié gemeente versoek dringend hulp met hul "Ichtus" voedingsprogram. Hulle deel twee weekliks 18 voedselpakkies uit aan behoeftige mense in hul omgewing. Die "Ichtus" projek word die afgelope twee en half jaar uit die gemeentefondse gefinansier. Dit gaan egter baie moeilik om daarmee vol te hou. Daarom doen hulle 'n beroep op enige gemeente of persoon wat wil help met donasies, finansieël of andersins blikkies kos of droë produkte.

- **Hier is 'n lys van produkte wat in die pakkies gepak word**: *Ertjies, Mieliemeel 2.5kg, Boontjies in tamatiesous, Pasta 500g, Gemengde groente, Rys 500g, Pilchards in Tamatiesoes, Imama Soup (Rich Oxtail), Viennas, Teesakkies (26 sakkies), Tamatie en uie mengsel, Soya Mince, Spagetti en frikadelle, Sout, Suiker mielies, Stampmielies 1 kg, Suiker 1kg.*
- **Kontak nommer vir aflewering**: Kerkkantoor 012 3441860
- **Bankbesonderhede**: Pretoria NG Gemeente, ABSA: 610580122, Tak: 632 005

❖ **Universiteitsoord: Studente-uitreike**

Bosveldkonserttoer 2019
Saterdag, 23 Maart vertrek 'n groep van 14 studente op 'n kamp wat beloof om nie net 'n verskil in gemeenskappe van die klein dorpies in Limpopo se lewens te maak nie, maar ook op elkeen wat dit meemaak.
Die groep het mekaar Donderdag, 22 Maart vir die eerste keer ontmoet en saam begin werk aan die toneel wat handel oor die Emmaus-gangers.
[Lees hier verder…]

❖ **Brits: Aarbeifees**
Datum: ***30 & 31 Augustus***
Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.
Program: sien die pamphlet >>>

❖ **Warmbad-Wes** hou op ***31 Augustus*** **Vreugdefees (basaar)**.
Daar is die lekkerste boerewors, vleis, salami, cabanossi's, biltong en droëwors te koop, asook al die ander lekkertes wat daarmee gepaard gaan soos kos, koek, nagereg, skyfskiet, troeteldierskou en nog ander aktiwiteite.
Dit begin om 08:00 op die kerkterrein op die hoek van Gilfillan- en Oosthuizenstrate, Warmbad (Bela Bela)

❖ **Kameeldrif Kuierfees & Roodeplaat MTB Challenge**
Datum: ***31 Augustus***
Bring jou familie en vriende en kom kuier saam in die bosveld naby die stad!

- Baie stalletjies, pretpark, spookhuis, pretstap asook pannekoek, worsrolle, hamburgers, kerrie & rys, sosaties, jaffels, poeding, ontbyt, roosterkoeke, koeldrank en vele meer! Toyota hotrod word ook uitgestal.
- Besoek www.kameeldrif.org!

Vir meer inligting oor die Roodeplaat MTB Challenge, besoek www.cycleevents.co.za of skakel Francois by 082 781 3158.

❖ **Nylstroom-Oos: Lentefees**
Dié gemeente hou op Saterdag ***7 September*** lentefees! Kom geniet die dag saam met hulle. Open 07:30.
Baie te koop, tee eet en te sien. Vleis en biltong teen goeie pryse. Vermaak vir oud en jonk.
Navrae: 014-717 3279

❖ **Pretoria: Basaar**

Pretoria gemeente hou basaar by *Harmonie Bedieningspunt* op Saterdag ***7 September***.
Die basaar begin 09:00 tot 12:00.
Kom ondersteun en geniet 'n lekker kuieroggend met heerlike basaarkos.

❖ **Capital Park-Concordia – Dit is weer tyd vir bazaar!** 🎉

Datum: ***14 September***
Tyd: vanaf 07h30
Plek: NG Gemeente Capital Park-Concordia kerkgronde ⛪
Kom geniet dit saam met ons. Ons sien uit om U elkeen daar te sien! 👣🚶👨‍👩‍👧‍👦

❖ **Rietfontein-Suid: Karnaval en Mini-krieket**

Datum: ***14 September*** - 08:00- 13:00
Waar: Sportgronde van Rietondale High School (Hendrik Verwoerd Hoërskool), Pierneefstraat, Deerness.
Kom geniet ons Karnaval en Mini-Krieket met heerlike eetgoed soos pannekoek, tee/koffie en koek, worsbroodjies, jaffels, chipsticks, ondersteun ons Wit Olifanttafel (allerlei bruikbare arikels teen weggee pryse).
Almal welkom!

❖ **Onderstepoort: 75ste verjaarsdagviering**

Wanneer: ***4 tot 6 Oktober 2019***
Waar: Eeufeesstraat 377, Pretoria Noord, 0182
4 Okt – R130.00 of R120.00 - Steve Hofmeyer sing om 18h30
5 Okt – Gratis - Markdag met baie stalletjies begin 08h00
6 Okt – Gratis - Dankseggings Nagmaal om 09h00. **Kontak** no: 012 546 6046 kantoorure 09h00 tot 13h00.

Ander nuus

❖ **Hulp vir Mosambiek**

Na die verwoesting van Sikloon Idai, is Projek **"Nova Vida"**, vertaal as "Nuwe Lewe", die naam van die oorbruggingsprojek wat die verligting en die herbou-pogings tussen gemeentes in Suid-Afrika en die Igreja Reformada-kerk in Mosambiek koördineer. Die doel van die projek is om die onmiddellike behoefte aan oorlewing en hoop in die plaaslike gemeenskappe aan te spreek endie hulpbronne wat benodig word vir volhoubare en onafhanklike hulpverleningspraktyke vir die toekoms.

Die projek fokus op vier hoofareas, wat almal ondersteun word deur 'n doeltreffende projekadministrasie-span om rentmeesterskap en deursigtigheid te verseker. Die volgende behoeftes is direk genoodsaak uit hierdie vier Fokusse:

- Enige kontant donasies vir Kos en Saad wat nou prioriteit is.
- Aanneem families vir die herbou van nog 2 Kerke teen R120 000 elk.
- Aanneem families vir nog 12 Gebedshuise teen R30 000 elk
- Enige donasies vir Bybels in Portugees, Ndau of Sena.

Verdere navrae kan gerig word aan Ilse by mozam@ksm.co.za of 012 663 2003.
Niva Vida Video: https://youtu.be/Ot3hDKCIKAc
Webwerf: https://novavida.ksm.co.za/

Bankbesonderhede is soos volg:
IGREJA REFORMADA EM MOCAMBIQUE
Account number: 032891776
Branch code: 051001 (Standard Bank)
Ref. Nova Vida (pastor@vivamaputo.org)

❖ **Emotional logic: a one day workshop for everybody in relationships**

How to use your emotional energy to grow and become unstuck

Date: Friday ***13 September 2019*** (registrations close on Monday *2 September* at 12am for catering purposes)
Costs: R850 (includes lunch, refreshments, a set of adult emotional logic cards)
Presenter: Mrs Reinet Blignaut (registered counselor and only qualified EL trainer in South Africa)
Time: 8.30 to 16.00 (registration from 8.00)

Venue: Hatfield Christian church, 551 January Masalela drive, Hatfield, Pretoria
CPD points: 6 points approved for ministers of religion (CPSC application in process)
For extra information and a registration form, send an email to annettedlporte@gmail.com - Annette de la Porte (Workshop coordinator) - Mobile 083 794 3537 for queries.

❖ Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die klem lê op ervaring en inoefening. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel.
Predikante kan **150 VBO-punte** verdien.
Aansoeke sluit *30 September 2019* en die **kursus begin op *17 Februarie 2020***.
Volledige inligting te kry by http://sentrumvirspiritualiteit.co.za/kursus-in-begeleiding/.
Navrae by Willem Nicol 083 966 7831.

❖ SAKOV en VONKK 2019: Uitnodiging

Gerig aan: Aller leraars, orreliste, musiekleiers, aanbiddingsleiers, koorleiers en enige ander belangstellendes
Datum: Saterdag, ***14 September***
Tyd: Registrasie 07:45 – afsluiting 15:45
Plek: Endlersaal by die Konservatorium vir Musiek, Universiteit van Stellenbosch en ook by ander kerkgeboue op Stellenbosch.
Inskrywings: Sluitingsdatum vir inskrywings is *15 Augustus*. [Leraars van die NG Kerk en NH Kerk wat die geleentheid bywoon, sal vir **8 VBOpunte** kwalifiseer]
Navrae: Kontak Pieter van den Berg van VONKK by 071 041 3954
Die SAKOV en VONKK-byeenkoms se program sluit onder meer die volgende in… [Lees hier verder…]

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media:

Inligting, navrae en diensverskaffing: Skakel 0860 26 33 42 of 021 864 8210 of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za. Besoek ook die webtuiste: www.bybelmedia.org.za.

Christelike Lektuurfonds:

By CLF word deurentyd pamflette oor relevante kwessies deur kenners op elke gebied ontwikkel. Die jongste toevoegings en hersienings, is nou beskikbaar. Die pamflette is nou beskikbaar by CLF en kan bestel word by order@clf.co.za of 021 873 6964.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Dankie vir 'n Bybel in ons eie taal. (Bybelsondag *25 Augustus*)
- Zimbabwe.
- Vroue.

Vakatures

❖ Vergenoeg – Tuiste vir Bejaardes: Vakature - Boekhouerpos

Adres: 33e laan 830 – Villieria
Pligte: Boekhouding tot Proefbalans; Volledige boekhou prosesse op Pastel Partner 19.1.2; Krediteure en Debiteure aksies met maandelikse rekonsiliasies in Excel; Betalings van diensverskaffers; Opstel en liasering van betalingsbewyse; Opstel van finansiele verslae; Salarisse – VIP Classic 5.2a; Voorbereiding van UIF en BTW Inligting.
Kwalifikasies: Rekenkundige kwalifikasie; Pastel 19.1.2; VIP Classic 5.2; Windows 10; Office 365.
Salaris onderhandelbaar
Epos CV met bewys van kwalifikasies aan: bestuurder@huisvergenoeg.co.za
Sluitingsdatum : *31 Augustus 2019*

❖ **Krokodilrivier**: **Vakature – Kontrak mede-leraarspos**

Die gemeente wag aansoeke in vir 'n kontrak mede–leraarspos wat alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie. *Studente wat pas hulle studies voltooi het en nog hulle praktiese gemeentejaar moet doen, is ook welkom om aansoek te doen.*

Aansoeke sluit om 13h00 op *13 September* en diensaanvaarding is DV ***2 Januarie 2020***.

Navrae: Santie Uys (Kerkkantoor) 012 252 252 6021 / Francois Hanekom (Voorsitter Kerkraad) 082 851 7894.

[Lees hier meer…]

Proponente en ander beskikbares

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

★ **Gelegitimeerde proponente 2016**

Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2018**

Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Martin Lazenby *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

In die lig van Vrouemaand…



BYLAES

Universiteitsoord
Bosveldkonserttoer 2019

'n Belewenis onder die bloedige Bosveld-son!

Saterdag, 23 Maart vertrek 'n groep van 14 studente op 'n kamp wat beloof om nie net 'n verskil in gemeenskappe van die klein dorpies in Limpopo se lewens te maak nie, maar ook op elkeen wat dit meemaak.

Die groep het mekaar Donderdag, 22 Maart vir die eerste keer ontmoet en saam begin werk aan die toneel wat handel oor die Emmaus-gangers. Die kerk het tydens die twee dae wat ons geoefen het 'n munisipale kragonderbreking ervaar en ds Fritz Snyman se kragopwekker en kerse was ingespan om te kon oefen. Ons groep het die jaar geen dramastudente gehad wat saam gekamp het nie, maar elkeen was baie entoesiasties gewees om sy rol in die toneel, of dit nou as musikant, hoofrol, boemelaar of 'n danser was tot sy uiterste bes te bemeester.
Wat is 'n kamp nou sonder 'n papwiel… Gelukkig is die wiel vinnig omgeruil en kon ons die pad na ons uitreik voortsit. Ons eerste besoekpunt was Abraham Kriel Kinderhuis in Modimolle waar ons die oggend saam met die kinders geniet het. Elkeen het sy kindwees weer herontdek waar ons sokker, vroteier en krieket gespeel het, tou gespring het, balle gegooi en 'n skattejag met paaseiers geniet het. Ons het daarna by Weesgerus vakansie-oord 'n draai gemaak om te ontspan na twee dae se harde oefen aan die konsert. Daarna het 'n twee uur busrit na Mokopane gevolg. Almal het hard geoefen tot in die oggendure om die toneel reg te kry vir die Sondagoggenderediens by NG Gemeente Potgietersrus.

Sodra die ys gebreek is na die eerste optrede gaan dit makliker en die optrede by Marken se boeresaal was vir ons almal 'n hoogtepunt. Die gemeenskappe van Mokopane, Marken en Swartwater het ons oorweldig met hulle gasvryheid. Elke lid kan getuig dat hy die lekkerste eet op 'n Bosveldkonserttoer. Ons het ook besoek afgelê by Huis Piet Potgieter in Potgietersrus waar ons gesing en boekmerkies uitgedeel het vir die inwoners. Ons het ook 'n nuwe preekstoel in 'n kerk in die township van Marken opgerig waar almal fisies hard gewerk het in die bloedige Limpopo middagson.

Ons was geseën deur verskeie finansiële bydraes van die Bosveldkonserttoer alumni, onder andere het Dawie Diamond, 'n voormalige BKT-kampleier, kontant vir die kamp geskenk.

Met groot hartseer het ons ds Wimpie Jordt, wat hoofleraar van die NG Gemeente in Swartwater was, gegroet. Soos ds Frits gesê het: "'n Groot kremetart in die Swartwatergemeenskap het op 27 Maart 2019 geval."

Ons elkeen wat die voorreg gehad het om deel te wees van die kamp vat leersame lewenslesse, 'n oorvloed van kosbare herinneringe en boesemvriende saam met ons.

Elandi du Plessis
Universiteitsoord

Terug

NG Gemeente Krokodilrivier, Brits
Stel hiermee bekend: 'n Kontrak-medeleraar vakature.

Die gemeente Krokodilrivier is 'n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorps-grense. Die ekonomie van die dorp is opgemaak uit industrië, mynbou en landbou. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar twee groot hoërskole en verskeie laerskole. Die gemeente bestaan uit 629 besoekpunte wat in twee blokke van ongeveer 315 besoekpunte per leraar verdeel is. Daar is 1129 belydende lidmate en 245 doop lid-mate opgeneem in die gemeenteregister.

Die NG Gemeente Krokodilrivier wag aansoeke in vir 'n kontrak mede – leraarspos wat alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie.

Leraarsprofiel:
Die gemeente van Krokodilrivier het ‘n behoefte aan ‘n leraar van die NG Kerk:

- wat ‘n toegewyde kind van die Here is en hom/haarself geroepe voel om die Here in hierdie gemeente te dien,
- met die persoonlikheid en gawes om te identifiseer en te werk met die jonger geslag van ons lidmate, hulle te inspireer, mobiliseer en toe te rus.
- Die klem sal verder val op missionale en evangelisasie gerigtheid,
- met ‘n passie vir verantwoordelike vernuwing,
- wat as ‘n spanwerker gemaklik is met die verskillende bedieningstyle.
- ‘n Teologies-verantwoordbare en dinamiese prediker.

Studente wat pas hulle studies voltooi het en nog hulle praktiese gemeentejaar moet doen, is ook welkom om aansoek te doen.

Verantwoordelikhede:

- Die uitbou van die bediening aan alle lidmate met klem op jong mense (voorskool tot naskool).
- Die ontwerp en implimentering van volhoubare strukture en prosesse waarbinne die jeugbediening / jeuggerigte byeenkomste kan plaasvind en uitgebrei kan word.
- Die ontwikkeling van ‘n missionale kultuur in die gemeente en in besonder onder die jeug asook opleiding te verskaf rakende gesins- en ouerskapvaardighede.
- Nakom van alle ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn.

Voordele:

- Vergoeding is onderhandelbaar tot ‘n maksimum van skaal 5 volgens die handleiding van die Sinodale skale.
- Reiskoste en ander toelaes word betaal.
- ‘n Pastorie met betaalde munisipale dienste en ‘n tuin wat deur die gemeente onderhou word, is deel van die voordele.

Aansoeke:

- Alle aansoeke moet vergesel word van ‘n CV nie langer nie as drie A4 bladsye en moet vier verwysings insluit waarvan ten minste twee gemeente - of kerkraadslede moet wees.
- Die beskikbaarstelling van ‘n digitale opname van ‘n onlangse preek tydens ‘n erediens ooreenkomstig die boge-noemde posbeskrywing - slegs indien u daarvoor gevra word.
- ‘n Onlangse foto en/of familiefoto asook ‘n afskrif van die ID.
- Dien alle aansoeke in deur ‘n toepaslike e-pos te stuur aan: kantoor@ngkrokodilrivier.co.za.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud en ‘n preekbeurt gedurende Oktober/November 2019 soos met die applikant gereël sal word.
- Psigometriese toetse kan moontlik aangevra word.

Aansoeke sluit om 13h00 op *13 September 2019* en diensaanvaarding is DV ***2 Januarie 2020***.

Navrae:
Santie Uys (Kerkkantoor) 012 252 252 6021
Francois Hanekom (Voorsitter Kerkraad) 082 851 7894

Terug

SAKOV en VONKK 2019: Uitnodiging

Gerig aan: Aller leraars, orreliste, musiekleiers, aanbiddingsleiers, koorleiers en enige ander belangstellendes

Datum: Saterdag, ***14 September***
Tyd: Registrasie 07:45 – afsluiting 15:45
Plek: Endlersaal by die Konservatorium vir Musiek, Universiteit van Stellenbosch en ook by ander kerkgeboue op Stellenbosch.
Inskrywings: Sluitingsdatum vir inskrywings is *15 Augustus*.
Navrae: Vir enige verdere navrae, kontak Pieter van den Berg van VONKK by 072 041 3954 of vir Johann Enslin van SAKOV by jenslin@hugenoteskool.co.za

Die SAKOV en VONKK-byeenkoms se program sluit onder meer die volgende in…

Algemene inligting oor VONKK se musiek, ons webwerf, werksaamhede en produkte vir gemeentes, asook die praktiese bekendstelling van VONKK se musiek. Ons gee spesifiek aandag aan die VONKK-psalms, klassieke liedere, en die meditatiewe en kontemporêre liedere. Ons wil diegene teenwoordig ook laat proe aan ons heel nuutste VONKK-liedere. Om die VONKK-liedere bekend te stel, gaan ons ook baie van die liedere saam sing, sodat mense kan hoor hoe die liedere klink. Daar is ook aparte sessies vir orreliste en instrumentale begeleiers waarin ons vir hulle praktiese leiding en hulp tov die begeleiding van die VONKK-liedere wil gee.

VBO punte: Leraars van die NG Kerk en NH Kerk wat die geleentheid bywoon, sal vir 8 VBO-punte kwalifiseer.
Koste: Die koste vir die SAKOV en VONKK-byeenkoms beloop R200 en sluit kursus- materiaal, eet- en drinkgoed in. Ingeskrewe SAKOV-lede betaal slegs R150
Inskrywings: Inskrywingsvorms en die volledige program is beskikbaar op die tuisblad van VONKK se webwerf (heel regs) www.vonkk.co.za en Facebook blad https://www.facebook.com/VONKK/ OF kan per epos aangevra word by vonkkmusiek@gmail.com.

Terug